

OULIKE JURKIE

Hierdie jurkie vir 'n dogtertjie het fraaiings onder om en word in die middel met 'n gedraaide koord vasgevind

BENODIGHEDE

3 (4; 4) bolle Patons Gala Double Knitting van 50 g; 1 paar elk 4-mm- en 3½-mm-breipenne; 1 middelgroot hekelpen.

GROOTTES

Borsmaat: 46 (51; 56) cm.
Lengte: 30 (33; 36) cm.

SPANNING

24 ste en 37 rye per 10 cm met 4-mm-penne oor patroonsteek gemeet.

LET WEL! Toets eers jou spanning en as dit nie ooreenstem nie, gebruik dan dikker of dunner penne.

AFKORTINGS

r — regs; aw — aweregs; st(e) — steek(steke); pat — patroonsteek; herh — herhaal; drb — draad rondom breipen; tes — tesaam; dv — draad vorentoe; da — draad agtertoe; gl — glip; aw-gewys — aweregsgewys; sp



— spasië; beg — begin; vlg — volgende; oorbl — oorblywende; vermin — verminder.

LET WEL! Aanwysings vir die groter groottes word tussen hakies aangegee. Indien net een getal aangegee word, geld dit vir al die groottes.

AGTERPANT

Gebruik 4-mm-penne en stel 67 (71; 75) ste op.

Brei 8 rye in r en slaan dan oor na vlg pat:

1e Ry (regte kant): r 6, aw 1, * drb, aw 2 tes, aw 2. Herh van * tot laaste 8 ste, drb, aw 2 tes, r 6.

2e Ry: r 7, * dv, gl 1 aw-gewys, da, r 3. Herh van * tot laaste 8 ste, dv, gl aw-gewys, da, r 7.

3e Ry: r 6, aw 1, * da, steek pen van agterkant van werk deur sp aan onderkant van vlg st en gl hierdie st (saam met draad oor gaatjie) van linkerpen oor op regterpen, dv, aw 3. Herh van * tot laaste 8 ste, da, steek pen van agterkant van werk deur sp aan onderkant van vlg st en gl hierdie st van linkerpen af soos voorheen, dv, aw 1, r 6.

4e Ry: r 7, * dv, steek pen van agterkant van werk deur vlg gaatjie en aw tes draad bokant gaatjie saam met vlg 2 ste, da, r 3. Herh van * tot laaste 9 ste, dv, steek pen van agterkant van werk soos voorheen deur en aw tes draad bokant gaatjie saam met vlg 2 ste, da, r 7.

5e Ry: r 6, aw 1, * da, gl 1 aw-gewys, dv, aw 3. Herh van * tot laaste 8 ste, da, gl 1 aw-gewys, dv, aw 1, r 6.

6e Ry: r 7, * aw 1, r 3. Herh van * tot laaste 8 ste, aw 1, r 7.

7e Ry: r 6, aw 3, * drb, aw 2 tes, aw 2. Herh van * tot laaste 6 ste, r 6.

8e Ry: r 9, * dv, gl 1 aw-gewys, da, r 3. Herh van * tot laaste 6 ste, r 6.

9e Ry: r 6, aw 3. Herh van * van 3e ry tot laaste 6 ste, r 6.

10e Ry: r 9, herh van * van 4e ry tot laaste 6 ste, r 6.

11e Ry: r 6, aw 3, * da, gl 1 aw-gewys, dv, aw 3. Herh van * tot laaste 6 ste, r 6.

12e Ry: r 9, * aw 1, r 3. Herh van * tot laaste 6 ste, r 6. Hierdie 12 rye vorm pat. Brei in pat totdat pant 30 (33; 36) cm lank is vanaf opstelrand en eindig met ry aan verkeerde kant.

Fatsoeneer skouers: Hou pat korrek, heg 8 (8; 9) ste aan beg van vlg 2 rye af en 8

(9; 9) ste aan beg van vlg 2 rye. Knip draad af en los oorbl 35 (37; 39) ste op stekespeld.

VOORPANT

Brei soos agterpant totdat voorpant ongeveer 26 (29; 32,5) cm lank is vanaf opstelrand en eindig met 4e pat-ry.

Verdeel vir nekvorming:

Pat 23 (24; 25), draai en los oorbl ste op ekstra pen. Brei eerste stel ste soos volg:

**** Hou pat korrek, vermin 1 st aan halsrand met vlg 7 rye: 16 (17; 18) ste.** Brei reguit aan totdat voorpant so lank soos agterpant is tot by skouer en eindig aan syna-at.

Fatsoeneer skouer: Heg 8 (8; 9) ste aan beg van vlg ry af. Brei 1 ry en heg af ******

Beg weer by ste op ekstra pen.

Met regte kant na jou toe, skuif eerste 21 (23; 25) ste op stekespeld, las draad by vlg st aan en pat tot einde van ry.

Brei soos eerste kant van ****** tot ******

HALSSTROKIE

Werk linkerskouernaat toe. Met regte kant van werk na jou toe, las draad aan en met 3½-mm-penne, brei ste van agterhals op stekespeld, r 13 ste van linkerkant van hals voor, r ste op steke-speld en r dan 13 ste aan regterkant van hals voor: 82 (86; 90) ste. Brei 7 rye in r. Heg af.

AFWERKING

Pars liggies aan verkeerde kant oor klam doek. Werk regterskouernaat en halsstrokies toe. Meet 9 (10; 11,5) cm vanaf onderste rand en werk synate dan bokant hierdie punt ongeveer 5 cm toe.

FRAIINGS

Knip breidraad in 15-cm-stukke. Plaas 3 drade saam en vou dubbel, steek hekelpen deur onderste rand, trek gevoude lus deur, haak punte deur lus en trek knoop styf. Knoop fraiings egalig al langs onderste rand.

KOORD

Knip 6 drade breidraad ongeveer 320 cm lank en draai hulle saam, vou dubbel sodat hulle weer om mekaar draai. Knoop punte, maar los ongeveer 4-cm-fraiings. Maak lussie aan elke synaat en steek koordjie daardeur.